

Prof Mark Smith, Dr Jako Volschenk & Prof Meshach Aziakpono*

Afrika-lande beleef 'n ongekende vlak van werkloosheid onder jongmense. Die werkloosheidsyfers sal na verwagting toeneem gegewe die bloeiende jeugbevolking in Afrika.

Nie net is meer jongmense sonder werk nie, maar die oorgrote meerderheid is in die informele ekonomie werksaam. Volgens die Internasionale Arbeidsorganisasie staan die aandeel van 15-24-jariges wat in 2018 in die wêreld se informele ekonomie gewerk het op 95%. Dit is amper dieselfde vir Afrika suid van die Sahara.

As daar nie dringend hieraan aandag gegee word nie, kan hierdie situasie 'n tikkende tydbom word met nadelige politieke en sosio-ekonomiese gevolge.

Die probleem is veral akut in Suid-Afrika. Statistieke van die Wêreldbank toon dat die jeugwerkloosheidskoers in Suid-Afrika in 2019 op 58% gestaan het. Dit is een van die hoogstes in Afrika suid van die Sahara. Vir Suid-Afrika sal die werkloosheidsyfers na verwagting toeneem. Aan die begin van 2020 was meer as 60% van die werkloos 15-34 jaar oud.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het die afgelope dekade deurgaans onderpresteer, en die groei in reële BBP (Bruto Binnelandse Produk) per capita het sedert 2011 afgeneem. Hoewel Suid-Afrika in 1994 politieke bevryding beleef het, ly die bevolking steeds onder groot ongelykheid. Die land se GINI-koëffisiënt het in 2015 op 0,63 gestaan – een van die hoogstes ter wêreld.

Suid-Afrika is desperaat vir 'n meer dinamiese, indiensnemingsintensiewe en innoverende groei-trajek – selfs meer so ná die COVID-19-pandemie.

'n Volhoubare en inklusiewe ekonomiese herstel wat ordentlike werk waarborg, sal 'n geïntegreerde reaksie van beleidmakers vereis, in vennootskap met die private-, akademiese- en gemeenskapsektor.

Ons voer aan dat die bevordering van entrepreneurskap 'n rol te speel het. Die data toon egter dat Suid-Afrika entrepreneurskapsontwikkeling moet verskerp vir dit om katalisator vir jeugwerk te dien.

Lees [hier](#) verder wat ***Prof Mark Smith, Dr Jako Volschenk & Prof Meshach Aziakpono van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool** hieroor te sê het.